

Publication: Rekord Centurion (Main)
Publication Date: 20 Jul 2018
Page: 27

AVE: 18574.91
Circulation: 60100
Part: 1 of 1




Tuks se puntemakers in Saterdag se wedstryd teen Centurion. Van links is Theuns Reynolds (drie drieë), Bart le Roux (een drie), Abri Reynolds (een drie en twee doelskoppe) en Khwezi Mafu (twee drieë). **Foto: Johanna de Vos.**

# Tuks knip Centurion se draadjie

**Koos Venter**

Tukkies se rugbyspan het die afgelope Saterdag effektief Centurion se seisoen beëindig met 'n oorwinning van 39-22 in 'n Carltonbeker- en Super Klubliga-wedstryd in die Tuks-rugbystadion.

Centurion se lewe het aan 'n draadjie gehang in die interprovinsiale Super Klubliga en hulle móés hierdie laaste wedstryd van hul ligabepalings wen om die agterdeur vir hulle oop te hou om moontlik vir die halfeindrondte te kwalifiseer.

As Centurion daarin kon slaag om Tuks te wen en boonop 'n bonuspunt te verdien, sou hulle lot steeds in volgende week se laaste ligabepalings in die hande van Rustenburg Impala gewees het.

Die Noordwesters speel eerskomende Saterdag teen Quins-Bobbies en 'n oorwinning vir die manne van Groenkloof sou Centurion ook uit die halfeindronde kon hou.

Al hierdie permutasies is egter nou irrelevant, nadat Tuks met hul bonuspunt oorwinning effektief Centurion se aansprake beëindig het.

Soos sake tans staan dui die Blou Bulle se bepalings aan dat die halfeindronde wedstryde by die klubs gespeel sal word.

Dit beteken dus dat Saterdag se wedstryd tussen QBR en Impala vir eersgenoemde van akademiese belang sal wees, aangesien hulle in elk geval vierde sal eindig en in 'n wegwedstryd teen Tuks in die halfeindrondte sal speel.

Vir Impala is 'n oorwinning egter deurslaggewend, want dit kan aan hulle 'n tuishalfeindstryd verseker as ABE Midas Naka Bulle Saterdag teen Tuks vasval.

Hopelik sal die Blou Bulle die bepalings heroorweeg om die halfeindstryde op Loftus Versfeld te laat plaasvind en sodoende aan klubrugby-liefhebbers en ander belanghebbendes die geleentheid te gee om albei wedstryde te sien.

Eerskomende naweek se laaste ligabepalings sal in die geval van die stryd tussen Tukkies en ABE Midas Naka Bulle wel in terme van die Carltonbekertoernooi uiters belangrik wees.

Dié wedstryd sal effektief dien as vanjaar se Carltonbekereindstryd.

Die Carltonbekertoernooi word tegelyk met die Super Klubreeks gespeel en wedstryde in laasgenoemde toernooi tussen die vier Carltonbekerklubs word gebruik om die plaaslike toernooi se punteleer te bepaal.

Na Saterdag se oorwinning het Tukkies nou 25 ligapunte in die Carltonbeker-toernooi, terwyl ABE Midas Naka Bulle op 22 punte staan. Die manne van die Moot se punteverskil is heelwat beter as dié van Tuks, wat beteken dat hulle as kampioen aangewys behoort te word in geval die twee spanne met eweveel ligapunte eindig.

ABE Midas Naka Bulle sal dus òf net 'n oorwinning moet behaal en die studente moet verhoed om meer as een bonuspunt te verwerf, òf hulle sal self 'n bonuspunt oorwinning moet aanteken.

'n Oorwinning vir Tuks of 'n gelykop-uitslag sal die studente outomaties die nuwe Carltonbekerkampioen maak.

Dié belangrike wedstryd tussen Tuks en ABE Midas Naka Bulle vind Saterdag om 16:00 plaas en word in die Tuks-Rugbystadion beslis.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.